HOOFSTUK 10

Die Verenigte Koninkryk.

Northumberland

Kent

Isle of Wight

Gibraltar

Groot Brittanje.

Die wapenskild van Brittanje is nie alleen vol Israelsimbole (leeus, stier, Dawidsharp) nie, maar selfs die leuse op die boekrol is: ***Dieu Et Mon Droit*** , wat *"God en My Geboortereg"* beteken. Die leuse op die gordel is: ***Honi Soit Qui Mal Y Peuse*** en beteken *"Die blaam tref hom wat kwade gedagtes daaroor koester"*.

Opsommenderwys: Jakob het twaalf seuns gehad. Sy elfde seun, Josef, het twee seuns gehad, naamlik Efraim en Manasse, tussen wie die stam van Josef verdeel is. Jakob het aan Efraim (wie se nageslag vandag verteenwoodig word deur die volk van Groot Brittanje) die erfdeel van die eersgeborene gegee, alhoewel hy tweede gebore is.

Die Britse vlag staan as die *"Union Jack"* (*"Jacob"*) bekend. Dit bestaan uit 'n agtpuntige ster, wat ook in die meer algemene stervorms op ander vlae van die Verenigde Koninkryk aangetref word.

Die ontwerp van die *"Union Jack"* het ontstaan toe die oorspronklike vlae van Engeland en Skotland in 1606, na die unifikasie van die twee nasies deur Koning James van Skotland (James 1 van Engeland), gesuperponeer is. In 1801 is die oorspronklike Ierse vlag bygevoeg om die moderne vlag te vorm.



Die oorspronklike **vlag van Engeland** (±1194 n.M.) was 'n rooi Christenkruis (kruis van George) op 'n wit agtergrond.

Die oorspronklike **Skotse vlag** (moontlik ongeveer 800 n.M.) was 'n wit saltire (Boergondiese kruis - die kruis van Andrew) op 'n blou agtergrond.



Ierland se oorspronklike vlag was 'n rooi saltire (Patrick) op 'n wit

agtergrond.

Koning James het bekend gestaan as *"Jacobus"* (*"Jacob"*) en dus het die vlag die naam *"Union Jack"* gekry. Die simboliek van die vlag strek egter veel dieper - nie slegs tot by die draai van die sewentiende eeu en die vorming van die Britse volk nie, maar selfs so ver terug as die einde van die sewentiende eeu voor die Messias by die begin van die totstandkoming van die volk IsraEl. Jakob het sy seuns laat kom om deur hom geseën te word, aangesien hy geweet het dat sy einde naby is. Soos reeds gesê, is die seën van Josef op sy twee seuns, Efraim en Manasse, geplaas. Die eersgebore seun is beskou as die *"seun van die regterhand"* aangesien die regterhand simbolies was van 'n voortreflike en eerbare posisie. Die eersgebore seun het 'n dubbele seën ontvang, terwyl die vader in die proses dan die regterhand op die kop van die eersgeborene geplaas het. Toe Josef sy twee seuns na sy vader Jakob gebring het om deur hom geseën te word, het Josef vir Manasse aan Jakob se regterhand geplaas (want Manasse was die eersgeborene) en Efraim aan sy linkerhand. Toe Jakob hulle egter seën, het hy sy hande oorkruis op hul hoofde geplaas. Josef het dadelik beswaar geopper aangaande hierdie ongewone afwyking van die Wet van Oorerwing en Seëninge, waarop Jakob geantwoord het dat dit so sal wees, aangesien dit die Wil van die Hemelse Vader is. Die *"Union Jack"* herdenk ook hierdie oorkruisplasing van Jakob se hande op die hoofde van Efraim en Manasse (**Génesis 48**).

Jakob het dus verklaar dat Efraim die dubbeldeel sou ontvang en dat hy 'n *"menigte van nasies"* sou word. Die Hebreeuse woord vir *"menigte"* beteken eintlik *"volheid"* - en geen Ryk is al, soos die Britse Ryk, as 'n *"volheid van nasies op die aarde"* beskryf nie. Ten tye van sy hoogste bloei was die Britse Ryk meer as vyf keer groter as selfs die Romeinse Ryk, wat vantevore die grootste Ryk was wat die wêreld geken het.[91]

Nooit vantevore is enige volk meer gekenmerk as 'n *"volheid"* as dié van die Britse Ryk nie, want hulle het nie slegs alle natuurlike hulpbronne wat die vier hoeke van die aarde kon aanbied tot hul beskikking gehad nie, maar hulle het ook oor die eiendomsreg daarvan beskik. Die Hemelse Vader het gesê dat die toekomstige glorie van die mag van IsraEl, en meer spesifiek dié van Efraim, soos 'n sterk stier sou wees: *"heerlikheid is syne, en sy horings is buffelhorings; daarmee sal hy die volke stoot, die eindes van die aarde almal*

---

91 Ten tye van sy hoogtepunt het die **Romeinse Ryk** gestrek oor een hoof geografiese gebied van ongeveer 2.5 miljoen vierkante myl met 'n bevolking van ongeveer **120 miljoen**. Die **Britse Ryk** egter, het in 1933 ongeveer 13.9 miljoen vierkant myl dwarsoor die wêreld beslaan, met 'n bevolking van **493 miljoen**. Op bladsy 21 van ***PAX BRITANNICA*** sê die historikus James Morris: *Dit was die grootste Ryk in die geskiedenis van die wêreld, bestaande uit byna n kwart van die totale landmassa van die aarde en n kwart van die totale bevolking. Daar is met reg gesê dat die son nooit ondergegaan het oor die Britse Ryk nie.*

saam." (**Deut. 33:17**). By watter ander volk het hierdie beskrywing al ooit gepas - by die *"Jode"*?

Die *"Union Jack"* simboliseer nie slegs die totstandkoming van die volk IsraEl nie, maar ook JaHWeH, die Elohim van IsraEl. Die nasionale simbole van die Britse volk herinner nie slegs aan die profesieë en beloftes wat die Hemelse Vader aan haar gemaak het nie, maar ook aan JaHWeH Self.

In die Ou Testament het die Hemelse Vader baie van Sy Eienaam aan Sy volk bekend gemaak - by die geleenthede het Hy verklaar dat Hy JaHWeH is, die ***Eerste en die Laaste*** (**Jes. 41:4; 44:6** en **48:12**). Wanneer die mense hierdie verse hoor, dink hulle in die meeste gevalle dan aan die Nuwe Testamentiese uitsprake" ***Ek is die Alfa en die Omega*** (die eerste en die laaste letters van die Griekse Alfabet) soos dit gevind word in **Openbaring 1:11; 21:6** en **22:13**, aangesien die meeste gelowiges ongelukkig hoofsaaklik bekend is met die Nuwe Testament. Die Ou Testament is egter in Hebreeus geskryf en dus sou die drie betrokke gedeeltes in Jesaja gelees het: *"Ek is die Alef en die Tau"* (die eerste en laaste letters van die Hebreeuse Alfabet. In antieke Hebreeus is hierdie letters *"X"* (Alef) en *"+"* (Tau) geskryf, wat ook, interessant genoeg, saam die *"Union Jack"* vorm.

Hierdie *"Union Jack"* is ook geen moderne simbool nie. Soos reeds gesien, het die **Saka**, die blonde en ligte IsraEliete, in 'n oostelike rigting na Indië getrek om daardie eens grootse kultuur te bou. Op een van die eerste bladsye van sy werk ***Tracing Our Ancestors*** vertoon Frederick Haberman 'n illustrasie van die *"Topez van die Sakae"*, 'n beeldhouwerk teen 'n rots naby Bhopal in Indië, wat dateer uit die vierde eeu v. M.



Hierdie beeldhouwerk bevat die einste simbole van Brittanje (Efraim): 'n leeu, 'n stier[92] (of 'n bok), 'n banier met vyfpuntige sterre, 'n banier met twee *"Union Jacks"*, sowel as nog 'n *"Union Jack"*-simbool in die vorm van 'n wiel.

92 Die stier waarna in die Bybel verwys word, het meer as een horing (**Deuteronómium 33:17**).

Dit is gepas dat Efraim, leier van die Huis van IsraEl, 'n simbool sou kies (*"Union Jack"*) wat die ware Naam van hule Elohim JaHWeH sou weergee, ter vervulling van die Skrif: *"Ons wil juig oor u oorwinning en die vaandels opsteek in die Naam van ons Elohim."* - (**Ps. 20:6**).

Die drie aparte kruise wat die *"Union Jack"* vorm, verteenwoordig ook die drie belangrikste Verbonde wat die Hemelse Vader met Sy volk IsraEl gesluit het:

Die onderste saltire (kruis van Andrew) is 'n simbool van die onvoorwaardelike **Abrahamitiese Verbond** wat die Hemelse Vader met Abraham en sy suiwer nageslag gesluit het.

Die middelste saltire (kruis van Patrick) versimboliseer die **Mosaïese Verbond van die Wet**. Aangesien IsraEl in haar gevalle toestand nie instaat was om die Wet volkome te onderhou nie, moes bloedige offerandes voortdurend geoffer word ter wille van versoening - om die oortredinge te bedek voor JaH-WeH.

Die boonste Christenkruis (van George), is simbool van die **Messiaanse Verbond** van onvoorwaardelike vergifnis van oortredinge vir alle rasegte, bekeerde IsraEliete. Aangesien die Christenkruis bo-oor die ander geplaas is, versimboliseer dit die verseëling van die vorige twee (deur Genade) - maar hoegenaamd en geensins die opheffing daarvan nie.

Betekenisvol is die feit dat **George** 'n draak gedood het en dat JaHWèshua die mag van Satan, die ou Slang, die Draak, verbreek het toe Hy uit die dode opgestaan het ná die kruisiging.

Aangaande die **Vroeë Britte** het Haberman die volgende interessante stelling om te maak: *"Strabo, die Griekse aardrykskundige en die tydgenootlike Kymbelin het vir ons 'n goeie beskrywing gelaat van so 'n Brit:*

> "Hy het gekom, nie in velle geklee soos 'n Skiet nie, maar met 'n boog in die hand, 'n pylkoker wat hang aan die skouers, Skotse mantel om die liggaam, 'n vergulde gordel om die lendene en 'n langbroek wat van die middel tot op die voetsole hang. Hy was gemaklik in sy redevoerende omgang met mense; aangenaam in sy gesprekke; diskreet in sy hantering van gewigtige sake; uitstekend in staat om onmiddellike omstandighede vinnig op te som; altyd gereed om behulpsaam te wees by enige skielike noodsituasie; bowenal het hy goed voorsiening gemaak vir die toekoms; ywerig in sy soeke na wysheid; geneë tot vriendskap; hy het weinig aan die noodlot oorgelaat maar steeds die volle vertroue van ander geniet as gevolg van sy verstandigheid. Hy het Grieks[93] so vloeiend **gebesig** dat dit die indruk geskep het dat hy in die Lyceum getoeë is en sy lewe

93 Dit is ook opgeteken dat die vroeë Skotse boere en herders Grieks vlot gepraat het - dus was dit ook die gewone mense, nie slegs dié met universiteitsopleiding nie.

lank al met die Akademie van Athene kommunikeer (bl. 107)."

Die doligosefale (langskedelige) Hebreërs was in Brittanje sedert ongeveer 1800 v.M. bekend as *"Habiru"*. Aangaande Brittanje deel **Sir Arthur Keith** die volgende mee:

> "Ten tye van al hierdie instromings, histories sowel as prehistories, op een belangrike uitsondering na, is daar nooit vreemde of nuwe afstammings na die Britse Eilande gebring nie: almal was kennelik afstammelinge van die mense wat steeds noord-wes Europa bevolk - manne van die Nordiese tipe - of soos ek verkies om hulle te noem, die *Noordsee ras* ... Tydens al hierdie instromings en kolonisasies was daar slegs een wat nie getrek is vanuit die Noordsee-ras nie - dit is die indringing wat gedurende die tweede millennium v.M. plaasgevind het toe die bragisefale (kortskedeliges) van Sentraal Europa deur die Nordiese streek gedring, die kus van die Noordsee bereik en Brittanje binnegedring het." (Uit ***Nationality and Race***, die een-en-twintigste lesing wat aan die Universiteit van Oxford se Junior Wetenskapsklub deur Robert Boyle gelewer is op 17 November 1919).

Let daarop dat hierdie bragisefale Europese volke (of Alpyne - mense van die Alpe) deur sommiges beskou word as synde van dieselfde oorspronklike afstamming as die Nordiese of doligosefale volke, alhoewel vanaf 'n ander stam.

Dan is daar ook historiese bakens in Brittanje wat duidelik heenwys na IsraElitiese afkoms. In sy "***Documents of Destiny*** het **Connon** die volgende opgeteken:

> "Die westelike vensters van die Westminster Abdy, wat bokant die hoofingang is, het vier panele. Op die drie panele aan die smal bokant is die figure van Abraham, Isak en Jakob; die volgende twee rye van sewe panele bevat die figure van Reuben, Simeon, Levi, Juda, Sébulon, Issaskar, en Dan, Gad, Aser, Naftali, Josef, Benjamin, Moses en Aäron en op die onderste ry kom die embleme van Moses en Aäron op elke end voor, maar in die middel die Leeu van Juda en die Bul van Josef - die wapenskild van Brittanje."

Die kroningsplegtigheid is deurgaans 'n uiters interessante studie, maar ons haal slegs twee uittreksels aan:

Wanneer die koning se hoof gesalf word deur die Aartsbiskop, word die volgende woorde gebruik:

> "Laat u hoof gesalf word met olie soos Konings, Priesters en Profete gesalf is en soos Salomo gesalf is deur Sadok die priester en Natan die profeet. Mag u ook so gesalf, geseën en afgesonder word as Koning oor die volke waaroor u deur JaHWeH ons Elohim aangestel is om te regeer. In die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Amen."

Dan moet die Koning na sy troon beweeg en deur die Aartsbiskoppe en Biskoppe opgelig word om daarop plaas te neem en die Aartsbiskop wat voor

die Koning staan, moet dan sê:

> "Staan vas en hou van nou af vas aan die setel en staat van vorstelike en keiserlike waardigheid, wat op hierdie dag aan u oorgegee word **in die Naam** en deur **die Outoriteit van die Almagtige Elohim** ... En die Almagtige Elohim, wie se leraars ons is, asook rentmeesters van Sy geheimenisse, sal u troon in geregtigheid totstand bring, sodat dit vir ewig kan bestaan, net soos die son voor Sy aangesig, en soos die getroue getuie in die hemel. Amen." (Uit die ***Offisiële Boek van die Kroningseremonie*** - bl. 106, 107. Eie kursivering.)

Voorts het Koning James, toe hy gekroon is, Londen binnegegaan deur die **Hek van die Oudstes** (*"Aldersgate"*). Alle boë en hekke is uit Londen verwyder - Aldersgate en sy boog is in 1761 verwyder. 'n Brons gedenkplaat as aandenking van die oorspronklike voorkoms van Aldersgate is aangebring op die hek van die Sint Botolf-begraafplaas naby Aldersgate.

In haar ***Lifting up an Ensign To The Nation*** vermeld **Ida M. Ferguson** die volgende:

> "Bokant die boog van die hek het die owerhede van Londen twee figure opgerig wat in 'n noordelike rigting kyk - die rigting vanwaar Koning James sou kom. Dit was figure van die profete Samuel en Jeremia en onder elk was 'n Bybelse aankondiging. Onder Samuel was die woorde: *En Samuel het vir IsraEl gesê, Kyk, ek het na julle stem geluister in alles wat julle my gesê het en ek het n koning oor julle aangestel.* (IsraEl se eerste koning - Saul.) Onder Jeremia was die bewoording: *Dan sal konings en prinse deur die poorte hierdie stad binnegaan - konings en prinse wat op die troon van Dawid sit, wat ry op strydwaens en perde - hulle en hulle prinse, die MANNE van JUDA en die inwoners van Jerusalem, en hierdie stad sal vir ewig bly* ." (bl. 84.)

Is dit bloot toevallig dat dit die profeet Samuel was wat aan IsraEl haar eerste koning, deur Elohim aangestel, gegee het en dat Jeremia later die een was wat, volgens die Hemelse Vader se bepaling, hierdie Troon verplaas het na die Britse Eilande?

Na aanleiding van die feit dat Brittanje in die Bybel beskryf word as *"die verre eilande"*, het **John D. Baldwin** in sy ***Pre-historic Nations*** (Harper and Brothers, 1869) gesê dat na die Britse Eilande in die antieke Sanskritboeke verwys word as *"die Heilige Eilande van die Weste"* en Engeland is beskou as die woonplek van die Magtige en die tuiste van *"die magtiges"* (bl. 379).

Connor sê in ***Documents of Destiny*** :

> "'n Engelse kapelaan in Keulen, meneer Glover, het die plaaslike Rabbi gevra om die woord *Engeland* in Hebreeus te skryf. Aangesien Hebreeus van regs na links geskryf word, het meneer Glover verwag dat die Rabbi *Engeland* ook agteruit sou skryf, beginnende met die *d* en eindigend met die *E* in Hebreeus, maar in stede daarvan het hy ***Mih-lia*** geskryf (uitgespreek *Yaïi-Yaïim*), dieselfde Hebreeuse frase wat deur Jesaja gebruik is en vertaal word as ***Eilande van die See*** . Sy antwoord op besware

was: *Wanneer ons van die Verenigde Koninkryk praat, sê ons Yaïi-Yaïim asof dit Aïi-H lm gespel word.* Geen opgevoede Jood sal sy betekenis in enige ander vorm skryf nie."

Daar is ook 'n groot oorwig van getuienis wat bewys dat JaHWèshua Self die vroeë kerk in Brittanje gegrondves het in die jare tussen Sy vroeë kinderjare en sy opgetekende Bybelse bediening - die tydvak waaroor die Bybel swyg. Nog groter getuienis bestaan dat Josef van Arimathea (JaHWèshua se oom), 'n handjievol dissipels, Maria (JaHWèshua se moeder) Maria Magdalena en ander gedurende die eerste eeu na Brittanje gegaan en die gemeente versterk het. Andreas self was die eerste Biskop en beskermheer van Skotland. Alhoewel daar 'n halfdosyn of meer goed-gedokumenteerde boeke oor hierdie onderwerp bestaan, is een van die bestes ***The Drama of The Lost Disciples*** , (1961) deur George F. Jowett.

Augustinus het in 600 N.M. geskryf:

"Aan die westelike grense van Brittanje is daar 'n sekere koninklike eiland - groot, omring deur water, ryk in natuurskoon en lewensnoodsaaklikhede. Daar het die eerste bekeerlinge tot die universele wet, deur Elohim vantevore daaraan bekend gestel, 'n kerk gegrondves, nie deur menslike vermoëns nie, maar deur die Hande van JaHWèshua self, ter wille van die redding van sy volk." (**Spelman**, Conecilia, bl.5.)

Gildas (Albanikus) die Wyse (425-512 n.M.) 'n Britse historikus, het geskryf dat:

"die Messias, die ware Son, Sy lig gegee het en die kennis van Sy leringe aan ons Eiland in die laaste jaar van Tiberius Ceasar." (**De Excidio Britanniae**, Sec. 8, bl. 25.)

Eusebius (260-340 n.M.) het geskryf:

"Die Apostel Paulus het oor die oseaan na die eilande gegaan wat die Britse Eilande genoem word." (**De Demonstratione Evangelii**, Lib.111.)

Dorotheus, Biskop van Tirus (303 n.M.) het gesê:

"Aristobulus, aan wie Paulus eer betoon het in sy brief aan die Romeine, was Biskop van Brittanje." (**Synopsis de Apostol. Synops 23 Arisobuluis.**)

William van Malmesbury (1080 - 1143 n.M.) is deur die Monnike van Glastonbury genader om hul geskiedenis neer te skryf. Hy het aangeteken dat, ná die foltering en opstanding van die Messias, Josef van Arimathea saam met elf sendelinge vanaf die heilige land ge-arriveer het en dat die koning aan hulle twaalf landsgedeeltes toegeken het. (**De Antiquitate Glastoniae, hfst. 1.**)

Maelgwyn van Llandaff het in 450 n.M. soortgelyke feite opgeteken in **Cottonian M.S. and Usher, Antiquities, bl. 12.**

Polydore Vergil (1470 - 1555) het geskryf: *"Brittanje, deels deur die toedoen van Josef van Arimathea, was die heel eerste koninkryk om die Evangelie (blye tyding) te ontvang."* (Lib. II.)